




Aanskouing van Parlement Verwek Soldaat se Toorn

Daar was verlede week 'n dramatiese toneel in die Nu-Zeelandse hu's van verteenwoordigers toe, net nadat die speaker die parlementêre gebed gelees en „amen” gesê het, 'n teruggekeerde soldaat opgespring, sy kenteken afgeruk en op die grond gegooi het. Tot verbasing van die omstanders het hy uitgeroep: „God behoed my land. Hier

is iets wat iemand anders kan dra. Hier is my ere-teken.” Die man wat 'n staatsampenaar is, het aan persvertenwoordigers vertel dat sy optrede 'n protes is teen die „verrotheid van die party-

politiek”. „Ek het geen persoonlike gevoelens en is nie haatdraend nie, maar toe ek daardie gebed hoor, het ek gevoel ek moet dit doen”, het hy verklaar.

Atoombom Bevredig Nie Sensasielus

Die ontploffing van die vyfde atoombom het die wêreld se sensasielus nie bevredig nie. Dit het nie die verwagte uitwerking van vloedgolwe ensameer gehad nie, en het minder skade aangerig as die vorige bom wat drie weke gelede uit die lug neergewerp is. Nogtans was die geweld van die ontploffing ontsettend. Vyf skepe is tot sink gebring. Onder die skepe wat gesink het, was een slagskip, een vliegtuigdraer en twee landingsvaartuie. Daar was 80 telkenskepe oor 'n oppervlakte van vyf vierkante myl versprei en die bom is onder die water ontplof. Die groot slagskip is in die lug geslinger en het in twee gebreek.

Miljoene dooie visse het op die water rondgedryf, en twee uur na die ontploffing het voëls laag oor die water heengeskeer sonder dat hulle iets oorgekom het. Daar is vroeër verwag dat die voëls dood sou neerval indien hulle hul binne die gebied

Die ontploffing het die wetenskaplikes in verskeie opsigte teleurgestel. Die watersuul was kleiner as wat voorspel is — nogtans 5,000 voet hoog. Die bom het 'n sterker lugverstoring veroorsaak as vermoed is, wat daarop dui dat 'n geringer deel van die kragsontploffing onder die water gebly het.

SOSIALISME VERWELKOM DEUR KAAPSE PUBLIEK

Staatsoptrede Groot Welslae

In die afgelope paar weke het daar 'n hele omwenteling in die Kaapstadse bemarking plaasgevind. Die omwenteling is in die rigting van sosialisme en is allerweë deur publiek en pers verwelkom as 'n uitkoms.

Met die insameling van die groente-oes, wat as 'n rekord beskou word, is bevind dat die kanale van die produsent na die verbruiker verstopt is. Die ou bemarkingstelsel wat die band moes vorm tussen produsent en kleinhandelaar, het hom as 'n mislukking geopenbaar in die aangesig van die georganiseerde middelman, wat op 'n tydstip van dankbare oorfloed aan voedsel 'n beleid van skaarsheid op die publiek afgedwing en duisende ton voedsel laat verlore gaan het.

afhanklik van die kleinhandelaars op die terrein van die mark self. Kraampies word aan hierdie mense verhuur wat die produk van die boer hier vlak voor sy toonbank koop, en dan omdraai om dit aan die verbruiker te verkoop wat miskien nog kon staan en wag het dat hy eers sy transaksie met die boer deursit. Op slegs sekere dae en sekere ure word boere toegelaat om self aan die publiek te verkoop.

VERMORSING

Hierdie stelsel is die oorsaak dat tonne groente verwaarloos raak omdat die publiek in die eerste plaas weens die hoë pryse die verbruik van groente grootliks vervang deur ander voedselsoorte, veral stysel. Laer groentepryse sal die verbruik dadelik vergroot nie net in die geval van bestaande verbruikers nie, maar dit sal na huishoudings uitbrei wat tans daarsonder moet klaarkom. In die tweede plaas raak groente vermors omdat die publiek geen vars groente kry nie. In die geval van ertjies en groenboontjies koop die huisvrou 'n produk by die kleinhandelaar wat reeds sover bederf of verlep is dat die helfte in die vuilgoedbak beland. Die groentehandelaar self gooi groot hoeveelhede weg wat weens sy beperkte omset nie verkoop kan word nie. Sy verlies haal hy in deur nog hoër pryse vir die verkoopbare — en laasgenoemde is 'n baie rekbare begrip.

GRYP IN


Eindelik het die staat self ingegryp toe die Afdeling Ekonomie en Markte 'n tyd gelede begin het om op 'n sub-ekonomiese grondslag groente te verkoop met winkelwaens in arm gedeeltes van die stad. 'n Paar weke gelede s hierdie stelsel uitgebrei na alle dele van die stad en is dit op 'n ekonomiese grondslag gebring. Huisvroue is toe uitgenooi om groepe te vorm en die waens sal op ooreengekome plekke en tye die groente aan hulle beskikbaar stel. Dit was 'n groot stap in die rigting van sosialisme, d.w.s. dat die staat self verantwoordelikheid aanvaar om lewensmiddele aan die volk te bring.

SUKSES

Die mobiele markte of winkelwaens is verlede week opgevolg deur 'n sentrale mark wat in die stad geopen is deur die Voedsel-direktoraat, waar die

publiek vars groente en vrugte op klein skaal kan koop teen pryse ver benede die kleinhandelspryse. Dit was 'n geweldige sukses. Dwarsdeur die dag word toegestaan deur huisvroue en selfs mans om van die ge-begeef.

SLAGOFFER



'n Amerikaanse duikboot ná die ontploffing van die vierde atoombom in die Bikini-atol. Hy was so verenekeer dat hy sou gesink het indien hy aan homself oorgelaat was.

Eertydse „Patriots” Nou Vyande

Die Joodse terroriste-beweging in Palestina het verlede week 'n hotel waar die hoogste Britse amptenare gehuisves is, met 'n bom vernietig. Ongeveer 100 mense is dood en word vermis, terwyl 'n groot aantal beserings opgedoen het.

Volgens 'n berig van die Londense Times word die Joodse terroriste van geld voorsien uit Suid-Afrika. Die Sionistiese Beweging van Suid-Afrika het nietemin die bewering ontken en ook 'n formele afkeuring in die pers uitgespreek oor die gewelddaad.

Volgens die Times berig is dit veral Jode wat tydens die oorlog opgelei is in ondergrondse weerstandsmagte wat nou

in Palestina teen die Britte 'n skrikbewind voer. Die Engelse pers voel diep gebelgd oor hierdie feit, en verklaar dat dit die houding van Brittanje ten opsigte van die toelating van Jode in Palestina in gedrang bring. Brittanje kan nie duld dat militêr-opgeleide Jode uit Europa na Palestina gaan om daar met hul ondervinding van ondergrondse oorlog teen die Britte op te tree nie.

VOER VARKE

Intussen het die boere noodgedwonge begin om hul groente aan koeie en varke te voer omdat hulle ook geen lonende pryse op die mark kon kry nie.

Die mark het inderdaad 'n valdeur geword wat die produsent waterdig afgesluit het van die verbruiker, terwyl die kleinhandelaar koning gekraai het. Hierdie toestand is vergemaklik deurdat die plaaslike owerheid wat vir die markte verantwoordelik is, nie rekening gehou het met die behoeftes van die tyd nie, en maar voortgebou het op die ou liberalistiese opvattinge wat die grootste mate van vryheid aan die handel vergun het. Daar is geen rekening gehou met die verspreidenheid van die stadsbevolking nie, en twee markte, 'n paar myl van mekaar, was die enigste plekke waar groente gekoop kon word. Slegs die mense in die onmiddellike nabyheid kon daarvan gebruik gemaak het.

GROOTHANDEL

Maar afgesien van die vraagstuk van afstand is die verbruiker nog verder in bande gelê deurdat die groot oggendmark hoofsaaklik op 'n grondslag van groothandel gedryf word. Die veillings geskied op grootskaal, en tensy die verbruiker bereid is om 'n hele week of veertiendaagse voorraad te koop, is hy

leentheid gebruik te maak. Die reaksie van die publiek is inderdaad 'n onderstreping van die groot behoefte wat daar aan 'n beter stelsel van distribusie bestaan het.

Na verneem word, het die plaaslike owerheid met die grootste teinsin ingestem om 'n terrein vir die doel in die sentrale stad af te staan. Slegs die volmag wat aan die Direkteur van Voedsel verleen is, het dit moontlik gemaak dat die mark ingerig kon word.

Dit word beskryf as 'n tydelike maatreef om pryse laag te hou gedurende die tydperk van oorfloed. Dit is egter te betwyfel of die publiek, wat eenmaal gesmaak het wat sosialisme is, weer goedsmoeds sal toelaat dat die stelsel beëindig word.

Genl. J. A. Smith oor Volksregering

Genl. J. A. Smith verklaar as volg in verband met die O.B. se ideaal vir 'n volksregering:

1. As partye wil saamwerk om 'n volksfront te bewerkstellig, is die O.B., soos sy herhaalde aanbod getuig, bereid om saam te werk en saam kruisies te gaan trek, nl. te stem vir volksverenigende kandidate.

2. As partye, soos die teenswoordige onder dr. Malan en genl. Smuts aanhou veg teen die O.B. wat 'n partylose staat, met 'n volksregering in teenstelling met 'n party-regering voorstaan, m.a.w. teen volkseenheid veg om partyverdeling te behou, dan is dit die plig van die O.B. om vir volkseenheid teen partyskap te veg. Dan kan hy nie 'n party steun nie.

3. Wanneer die O.B. van die vernietiging van die parlementêre partystelsel praat dan bedoel hy:

(a) dat die volksfront waarvan alle nasionale organisasies deel vorm, presies moet doen wat dr. Malan gesê het in Die Burger van 25 Maart, 1941, nl.:

EIE WOORDE

„Die demokrasie soos ons hom ken — of die Britse Parlementêre stelsel . . . is 'n karikatuur van demokrasie. Wat dit betref het spreker geen beswaar dat dit weggeveeg word nie . . . Demokrasie soos ons hom ken, werk dus nie in die rigting van Volkseenheid nie, maar bring verbokkeling.”

Dit is dr. Malan se woorde. Dit is ook ons s'n.

(b) 'n Republiek stig waarvan nóg die regering nóg opposisie wat daarteen mag wees, gegrond is op partyorganisasies, of watter politieke organisasie ook. Die volk moet vry, ongebonden aan politieke partywese of politieke organisasies, kan besluit by wyse van 'n volkstemming wie hom moet regeer en hoe, m.a.w. die volk moet nie nóg deur 'n Malanparty-koukus, nóg 'n Smutsparty-koukus, nóg

enige organisasie, b.v. die O.B. se Grootraad, dikteer word, soos 'n Smuts nou doen en 'n dr. Malan na hom wil doen. Dit is party-diktatuur — diktatuur soos wat was in Duitsland en nog is in Rusland.

4. Die O.B. vra dr. Malan e.a. om te help om die „Britse parlementêre stelsel” soos dr. Malan dit noem, te vernietig ná eenheid verkry is. As dr. Malan nou bereid is om daartoe saam te werk met alle nasionaalgesindes, sal elke O.B. hom by elke stembus help en steun om die huidige regering te verslaan. Maar as dr. Malan, na hy 'n meerderheid by die stembus behaal, 'n party-diktatuur, die seggenskap van die partyskap wil behou en dan weer op sy beurt vir genl. Smuts teen £2,000 per jaar huur as Sy Majesteit se Opposisiehoof, dan kan die O.B. nie saamwerk nie — dan verruil mens net een euwel vir 'n ander.

ALMAL SAAM

5. Die O.B. wil die huidige stelsel terwille van die volk vernietig. Die O.B. wil net so min 'n eenpartystelsel stig as wat hy dit vir dr. Malan wil gun, want 'n eenpartystelsel is net so 'n groot euwel as die teenswoordige stelsel met huurling-opposisiehoof, wat pure volksbedrog is. As dr. Malan nou 'n volksfront buite en binne die parlement help stig, hy en die O.B. en mnr. Havenga en mnr. Pirow en ander Nasionaalvoelende Afrikaners, dan stem ons almal. Kry die Volksfront die meerderheid, beraadslaag ons en die so-gestigte en verenigde volksfront verwerp dan die Britse Parlementêre stelsel en ons stem vir dr. Malan, nie om Eerste Minister of die betaalde Opposisiehoof te word nie, maar President. Daarom wil ons die Partystelsel vernietig — 'n volksleier bo-kerf toe skuif en nie in die party-modderpoel met 'n etiket van 'n Britse monargale dienskneg om sy nek laat sit nie!

Standpunt Van O.B.

Ons plaas meegaande twee verklarings van die K.G. en Adjunk-K.G. in die hoop dat dit 'n einde sal maak aan die wanvoorstellings wat in die jongste tyd teen die O.B. se saamwerkbeleid gedoen word ten einde eenwording van die volk te bemoeilik.

Die Adjunk-K.G. handel hoofsaaklik oor die ideaal van 'n volksregering wat die O.B. beoog, terwyl die K.G. 'n uiteensetting gee van die O.B. se saamwerk-voorstel met die oog op 'n komende verkiesing.

Koning Kry 'n „Highway”?

Volgens 'n berig in die Cape Times van 24 Julie sal die koning van Engeland volgende jaar gevra word om Du Toitskloof officieel te open. Een van die voorgestelde name is „The King George Highway”. Die tunnel sal ook na die koning vernoem word.

Du Toitskloof is die handewerk van die Nasionale Padraad. Toe daar 'n paar jaar gelede besluit moes word tussen 'n Du Toitskloof of 'n verbetering van die pad deur Bainskloof, was dit één man, 'n Afrikaanssprekende ingenieur, wat teenoor die orige lede van die raad gestaan het. Hy wou Du Toitskloof bou. Per slot van sake het hy die raad oortuig en die werk is aangepak deur 80% Afrikaanssprekende mense.

Waar die sweet van die Afrikaner geval het, sal nou heel waarskynlik staan: „The King George Highway”. Op ons eie werk wil hulle die naam van Koning George ingraveer sodat die nageslag die Engelse atmosfeer in Du Toitskloof kan voel.

Koning Kos Stad Meer as £50,000

Die Stadsraad van Kaapstad het tot dusver £50,500 vir die besoek van die koning aanstaande jaar gestem. Dit sal die belastingbetalers dus meer as £260 per uur vir die besoek van die koning kos. Die koste vir die vuurwerk, besoek aan vrugteplase in die Bolland en die dinees is nie bygereken nie.

Die belastingbetalers het onlangs geweier om 'n lening wat die stadsraad wou aangaan, goed te keur. Daar is melding gemaak van die swak finansiële toestand en dat die leningsvermoë van die raad reeds 'n breëpunt bereik het.

PRYS VERHOOG: Die Amerikaanse kantoor van prysbeheer het verlof toegestaan dat die maksimumprys van sekere verbruiksartikels verhoog word. Die prys van steenkool, skoene, boumateriaal, lemmerjies, elektriese masjinerie ens., word volgens die jongste aankondiging verhoog. Die voorsitter van die Amerikaanse federasie van arbeid het verklaar dat die nuwe prysbeheerwet meer onrus onder die Arbeid teweegbring.

O.B.-DAG

Die BULTFONTEIN-KOMMANDO vier

O.B.-DAG op 2 AUGUSTUS in die Kerkzaal.

Alle Afrikaners word uitgenooi om te kom deel in ons vermaaklikhede. Bring jukskeie saam om wedstryde te speel. Ons begin vroeg in die môre. Genl. Grobbelaar van Bloemfontein sal aanwesiges toespreek.

31/7/1

Samewerking Sonder Prys

In 'n verklaring waarin hy die onmiddellike weg tot samewerking aanwys, verklaar dr. Hans van Rensburg, leier van die Ossewabrandwag, dat daar samewerking tussen die nasionale groepe kan wees sonder verloëning van beginsels met die oog op die eerskomende verkiesing. Elkeen behou sy identiteit in 'n gemeenskaplike front.

„Allerweë vra mense, verklaar die K.G., hoe kan ons van die Smuts-regering ontslae raak? Vanselfsprekend is daar net een antwoord: Almal saamwerk. Maar dan verrys die vraag: Hoe? Ook op hierdie vraag het die Ossewabrandwag by herhaalde onlangse geleenthede 'n uitweg aan die hand gedoen. Hy het aan die leiers van Afrikaner politieke organisasies by die eerskomende verkiesing die volle steun van die Ossewabrandwag toegesê op twee elementêre voorwaardes — geeneen waarvan enige party iets kos nie.

Eerstens verlang die Ossewabrandwag vir homself geen enkele setel nie en tweedens verlang die Ossewabrandwag dat die deur vir samewerking moet oopstaan vir enige party of organisasie sonder prysgawe van identiteit of beginsels. Want vir die Afrikaner word dit 'n stryd om die bestaan, nie net om beginsels nie.

STAP VERDER

Hierdie selflose aanbod is nou deur die A.K.G. 'n stap verder geneem in 'n verklaring dat die partyleiers die O.B. as wapen kan gebruik nie net by die volgende verkiesing nie maar ook daarna by alle verkiesings as hulle die doel stel om die be-

staande parlementêre stelsel af te skaf. Die A.K.G. grondves hierdie aanbod op die woorde van die hoofleier van die H.N.P. waar hy gesê het die demokrasie soos ons hom ken of die Britse parlementêre stelsel is 'n karikatuur. „Wat dit betref het spr. (dr. Malan) geen beswaar dat dit weggeveeg word nie . . . Demokrasie soos ons hom ken werk dus nie in die rigting van eenheid nie maar bring verbokkeling.” (Dr. Malan in Die Burger, 25 Maart 1941.)

Dit is ook die sienswyse van die O.B. en derhalwe kan die partyleiers ook ná die verkiesing die volle O.B.-steun erlang as hulle daardie pad wil loop en die huidige stelsel van party-regering afskaf en vervang deur die stelsel van volksregering.

DIE HUIDIGE

Maar intussen is ons besorg oor die eerskomende verkiesing. Die volk het dus die kans (a) vir samewerking met die volgende verkiesing sonder dat enige deelnemer aan die samewerking enige beginsel wysig of prysgee en (b) as die partyleiers verkies om aan partyleiers 'n einde te maak en op 'n volksregering te mik . . . dan samewerking vir alle tye — eenheid.”

FONDSDAG-FUNKSIE

GREYTON VELDKORNETSKAP A441 hou funksie op

SATERDAG, 3 AUGUSTUS 1946 in die

Stadsaal om 3 nm.

1. Middagete word spesiaal vir die Vendusie-gangers om 1-uur nm. verskaf.
2. Om 4-uur nm. word die basaar deur H/Genl. Max Smuts geopen.
3. Om 5.30 nm. word aandete bedien.
4. Bring jukskeie saam.
5. Almal hartlik welkom.

5210

KWEEKSKOOLKOOR

Onder leiding van

Prof. dr. G. G. CILLIE (Jnr.)

in die

HOFMEYRSAAL, 2 AUGUSTUS om 8-uur nm.

'n Aantreklike Konsertprogram word aangebied:

KOOR, SOLOSANG en MUSIEKNOMMERS
SPREEKKOOR afgerig deur JOHN LOUW van O.K.P.

Opvoering: DIE NUWE ERTS — Fagan onder regie van C. Johnman van U.S.

Die Pers sê:

Die Volksblad: „Dit was 'n verheffende ervaring . . .”
Die Vaderland: „ . . . van uiters hoogstaande gehalte.”

KOM SEKER EN GENIET HIERDIE PUK PROGRAM

5201

Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde bank-sake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000



BANKIERS

HOOFKANTOOR:
PRETORIA.

O.B.-Dagfunksie Groot Sukkes op Robertson

ROBERTSON. — Dit is met dankbaarheid dat ons kan meld dat ons O.B.-funksie in die stad- saal op 19 Julie andermaal met uitstekende sukses bekroon is. Die bedrag van £152 is ingesamel.

Innige waardering word be- tuig jeens almal wat hul onder- steuning so mildelik gebied het en veral word gedink aan die selflose diens wat weer deur die vroue onder leiding van kom- mandante Kloppe gelewer is.

Die plaaslike nie-O.B.-besoek- ers word vir hulle belangstel- ling bedank en ons wil hoop dat ook hulle iets in hul harte meegeneem het huis-toe, want niemand wat eerlik 'n dienaar van die waarheid en geregtig- heid wil wees, kon anders as om iets te put uit die besielende toespraak van hoofkommandant W. R. Laubscher, voorligtings- offisier van die O.B., nie.

As die vonk van nasionalisme nie in elke geslag bly voortleef nie; as dit nie met elke krisi- tyd vir daardie volk, kragtig opvlam nie, verdwyn die stryd- vaardigheid en daarmee die hoop op oorwinning vir daardie volk. Dit was die sentrale ge- dagte van sy toespraak.

MYLPALE

Die Afrikanervolk het in sy vryheidstryd ook die mylpale wat daardie stryd kenmerk; hy het sy Jopie Fouries, sy Maritz en sy Kemps van die eerste wê- reldoorlog—sy tronke en kampe van die tweede wêreldoorlog. Dit is die Ossewabrandwag, die volk se beweging, die strydbeweging, wat hierdie stryd ge- stry het en van wie die opoffe- ring en selfverloëning uitge- gaan het, en deur wie die vonk van nasionalisme en republika- nisme, gedra en lewend gehou was. Dit het ons bereik! en omdat ons dit bereik het, kan

BAIE GESLAAGD

Met die buffet-ete van die Seepuntse vrouekommando verlede week het hulle alle vorige opbrengste wat deur middel van etes ingesamel is, oortref. Die opkoms was besonder verras- send en die mooi bedrag van byna £10 is ingesamel. Die op- brengs gaan vir 8 Augustus.

FUNKSIES

BOEREJEUG PAROW

Die Skiereilandse Boerejeug laat nie op hulle wag om fondse in te samel vir 8 Augustus nie. Die Boerejeug van Parow hou op 2 Augustus weer 'n funksie waar 'n aangename aand deur- gebring kan word. Die funksie wat die vorm van 'n pakkies- en speletjiesaad aanneem, word aan huis van komdte. D. J. Geldenhuys, Wynnestrada 13, Parow, gehou en begin om 7.30 nm.

MELKBOSSTRAND

Die Christiaan de Wet-kom- mando van Brooklyn, hou 'n geselligheid op 2 Augustus in die Pawiljoenteekamer te Melk- bosstrand. Al die omliggende kommando's word uitgenooi om 'n gesellige aand te kom deur- bring. Die funksie begin om 7.30 nm.

Met die ligte ete wat hierdie Kommando verlede week in die Komiteekamer van die Grootte Kerkgebou bedien het, het hulle ongeveer £8 ingesamel.

Brittanje Soek Raad by Unie

Die Britse regering het aan- gekondig dat hy besluit het om die raad van dr. H. J. van der Byl, voorsitter van Yskor, in te win oor die planne van die Brit- se regering om die staalnywer- heid te nasionaliseer. Ampte- like hulde is in die Britse laer- huis deur woordvoerdere van die regering gebring aan die welslae van Suid-Afrika se genasionaliseerde staalbedryf on- der leiding van dr. Van der Byl. Dr. Van der Byl is tans in Brit- tanje waar hy samesprekings voer met die Britse regering oor staal- en aanverwante sake.

Ou Meester Gesels oor Die Natuur

Die mens strewre maar altyd- deur om die geheim van die be- houd van die lewe, of altans die verlenging daarvan agter te kom. Met tussenposes verskyn daar dan ook berigte van een of ander ontdekking wat gedoen sou wees. Die nuutste veld van ondersoeking, altans sover dit my bekend is, is op die gebied van die bereiding en toediening van sekere klierstowwe. Dat daar meesal in die duister ge- tas word, word bewys deur die afwesigheid van besliste resul- tate in hierdie rigting.

Dat daar wel snaakse dinge bewerkstellig kan word deur toediening van dergelike che- miese stowwe is nie onbekend nie.

HEN WORD HOOGMOEDIG

Iemand het eenkeer opgelet dat daar 'n besliste sosiale rang by 'n klomp hene aanwesig is, en dat sommige hene 'n sterk sosiale trek ontwikkel terwyl andere meer op die agtergrond van hul gemeenskap beweeg. Hierdie verskille in rang word as vanselfsprekend aanvoel by die hene, en daar hoef nie noodwendig kragte gemeet te word nie. As hulle, egter, die saak besleg met 'n bakleiery, sal die verloorder nooit vergeet dat haar opponent die meerdere is nie, en selde sal dit dan ook gebeur dat sy weer haar kragte sal wil meet. 'n Eienaardige, en daarby interessante ver- skynsel is dat hene wat hoog in rang gereken word, hul on- middellike minderes glad nie met dieselfde afkeer bejeën as dié wat laer af in rang is nie — 'n verskynsel wat ook maar te dikwels in die samelewing van die mens te bespeur is.

As die chemiese stof be- kend as hormone van die haan in die bloed van die hen ingespuut word, vind daar somar 'n merkwaardige verandering in so 'n hen plaas. Selfs al was sy dan die allerlaagste in rang styg sy mettertyd in aansien, en word selfs bobaas van die groot hene waarvan sy eer- tyds die swakste gereken was.

Hierdie verskynsel het gelei tot die gedagte dat die graad van manlike eienskappe in hene hulle sosiale rang moes be- paal.

900 JAAR OUD

Om terug te kom op verlen- ging van lewensduur moet dit erken word dat die moontlik- heid van 'n oplossing nie as uit- geslote kan beskou word nie. Trouens, ons lees van 'n Metu- salag en sy tydgenote wat byna almal die ouderdom van neg- honderd jaar oorskrei het. As die mens die werklike redes

SERUM HELP HOM NIE:

Die Russiese wetenskaplike, dr. Bogomelets, wat daarop aan- spraak gemaak het dat hy 'n serum ontdek het wat die mens- like lewe tot 150 jaar kan ver- leng, is verlede week op 65-jari- ge leeftyd oorlede, sonder dat hy in staat was om sy eie lewe te verleng. Hy het onlangs meegedeel dat die proefnemings deur die proefnemings-stadium is en dat Rusland „ge- weldige hoeveelhede" van die stof gebruik. Die serum is ge- maak uit menslike murg en milt.

waarom sy lewensduur metter- tyd korter geword het sou kan uitvind, sou hy meteen ook 'n aanduiding hê van 'n moontlike oplossing van die raaisel van die verlenging van sy lewe.


Van ouderdomme gepraat, dit sou miskien baie interessant wees om te weet of die lewens- duur van die dier ook metter- tyd korter geword het. As dit so sou wees, sou mens kon aan- neem dat sekere onbekende faktore van die natuur 'n rol moet speel in hierdie verband, en sou die algemene opvatting dat die moderne beskawing die lewe verkort nie as die volle waarheid aangeneem kan word nie.

Welke ouderdomme diere in Metusalag se dae bereik het is my onbekend, en ek weet ook nie of dit met enige mate van sekerheid vasgestel kan word nie. Wel weet ons die teens- woordige ouderdomme wat die- re kan bereik, en op sigself is die syfers nogal interessant.

BEJAARDE SKILPAD

Of dit nou per toeval is, of omdat hy so stadig beweeg weet ek nie, maar die skilpad het die langste lewensduur van alle diere, naamlik van twee- tot driehonderd jaar. Die le- wensduur by die verskillende diere wissel van 'n paar dae tot 'n paar honderd jaar. So is daar sekere soorte wurms wat volle groei en hoë ouderdom in 'n paar dae bereik. Sekere soorte vlieë word maar 'n paar weke oud, en kewers 'n paar maande. Dit sal tuiniers seker ontstel om te verneem dat slak- ke van ses tot sewe jaar oud kan word. Honde lewe van tien tot twaalf jaar en hoenders van vyftien tot twintig jaar, mits so 'n hoender na- tuurlik nie in die pot beland nie. Merkwaardig nogal is die feit dat duive van veertig tot vyftig jaar oud kan word, en papegaie en olifante kan die ouderdom van honderd of selfs honderd-en-vyftig jaar bereik.

WAARDE VIR GELD



„EXCELSIOR"

Die naam wat u waarborg vir sulwer- heid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite ver- meng en verouder is vir u genot.

Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

PROSIES	Per bottel in 12 bott. van 12 bott.	Per gelling in 5 gellings- vaantjies.
WYNE:		
Spesiaal Soet	2/6	11/-
Rooi en Wit Jeripiko	1/9	8/6
Rooi en Wit Malmsey	1/9	8/6
Rooi en Wit Muskadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port, Pontak, Worcester		
Hock en Spesiale Sjerrie	1/7	7/6
Goue Sjerrie (Droog)	1/6	7/-
Ou Bruin Sjerrie	2/3	—
„Cocktail"	4/-	—
Vermouth (Droog en Soet)	2/9	—
DROE WYNE:		
Boergonje (Rooi)	1/9	—
Riesling en Droë Wit	1/6	—
RONKELWYNE:		
Grand Spumante	10/-	—
Grande Splendore	7/6	—
BRANDEWYNE:		
Eureka	8/6	—
A.I	8/-	—
Boegoe	7/6	—
LIKEURE:		
Peperment	7/-	—
Kersje, Van der Hun, Gemmer en Anys	6/6	—
JENEWERS:		
Droë, Lemoen en Suur-lemoen	7/6	—

VOORWAARDES:
Voeg by 20/- per vaantjie en 5/- per kisse met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaal.

EXCELSIOR WYNMAKERY

(Edms.) Bpk.

VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)



EEUFESPOSKAARTE

1/6

PER DOBYN

SLEUTELKETTINGS

1/6

Posgeld 2d.

FAKKELLOOPPENINGS

Egte Silwer 30/-

Posgeld 4d.


EEUFESMEDALJES

9d

Posgeld 2d.

Uniewinkels
DAMES EN SEUNS UITHUURERS EN SNYERS
(Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939)
KERKSTRAAT — PRETORIA
TAKKE: JOHANNESBURG VEREENIGING BENONI KAAPSTAD

R. W. van Ryn BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Grootte Kerkgebou, Kaapstad.

Volg u voor- ouers se raad en gebruik


BOEGOESALF

om u van lastige

Verkoues, Hoes, Ru-

matiek, Winterhande,

ens., te bevry



EEN Blikkie Boegoo- self (P-Hau) sal u oortuig. Die Blikkie op die sal is u waarborg

BOEGOESALF

Die Oorspronklike P-HAU-SALF Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier

HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.

Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 31 JULIE 1946.

Publiek Aanvaar Dit

In Kaapstad het in die afgelope paar weke dinge gebeur wat elke persoon tot ernstige nadenke behoort te stem. Ons verwys na die optrede van die Afdeling Ekonomie en Markte onder leiding van die Voedseldirekteur wat drasties ingegryp het om die vraagstuk van bemarking en verspreiding van groente in ooreenstemming te bring met die behoeftes van die tyd.

Onder die liberaal-demokratiese stelsel van ons land, wat uitgaan van die standpunt dat daar so min as moontlik ingemeng moet word in die „vryhede” van die individu, is ook die bemarking en verspreiding van voedsel vir die grootste deel oorgelaat aan die goeie of slegte gewete van diegene wat hulle daarmee bemoei. Die enigste regulering van pryse was dié wat geskied het ingevolge die beginsel van vraag en aanbod. In tye van skaarste het voedselpryse gestyg, en in volop tye het dit gedaal. Dit het veral vir die produsent 'n onhoudbare toestand geskep omdat sy wer eintlik tot sy nadeel was. Groot produksie beteken naderhand onbetalende pryse. Die regering het dan enige jare gelede hierdie swakheid van die liberale of kapitalistiese stelsel ingesien toe hy dit probeer vergoed het met sy verskillende beheerrade. Die groot leemte aan hierdie beheerrade was egter nog dat dit, hoewel in beginsel in die regte rigting, nog moes inpas soos ronde skroewe in vierkantige gate — dit was nuwe lappe op 'n ou kleed, en dit wou ook maar nie die tevredenheid aan alle kante gee nie. Dit het nog nie die hele veld van produksie en bemarking gedek nie, want ander belangrike afdelings van produksie, soos groente, was daarvan uitgesluit en daarbenewens het dit nog maar net halfpad gegaan in die rigting van sosialisme.

ONMAATS

Die een kanaal-stelsel was 'n definitiewe stap in die rigting van sosialisme, maar dit het skipbreuk gely omdat dit langs die kapitalistiese renperd ingespan is. Twee onversoenbare beginsels is nog gehandhaaf, want één-kanaal het eintlik maar net beteken dat die produkte langs een kanaal op die mark gebring is. Van die mark na die verbruiker het dit nog maar die kapitalistiese weg gevolg — die weg van „vryheid” waar alles aan die gewete van die betrokke persoon oorgelaat word (die prysbeheerstelsel onder druk van oorlogsnood het hieraan eeffens probeer verander.)

Waar die staat op grond van sy demokratiese beginsel van nie-inmenging, nie wou organiseer nie, daar het die middelman egter nie op hom laat wag nie. Hulle het hulself ook georganiseer in „ringe” wat deur eensgesinde optrede hulle in staat gestel het om b.v. deur die bank kool te verkoop teen 2s. stuk waarvoor hulle die boer 2d. betaal, en dit onderwyl daar so 'n oorvloed aan kool is dat koeie daarop gevoer word!

Die markte wat onder plaaslike beheer gestaan het, was oor die algemeen ook so ingerig, veral in die groot stede, dat dit nie verbruikersmarkte was nie, maar handelaarsmarkte. Dit was buite bereik van die verbruiker, wat aangewys was op die handelaars wat daar op die mark saamgespan het om hulself te verryk binne die kortste tyd. Hierdie mense het oor die algemeen nie besef dat hulle 'n diens moet vervul nie. Vir hulle was dit 'n spekulasie wat die grootste winste moes afwerp. Hulle het verkies om liever 50 koolkoppe teen 2s. stuk te verkoop as 500 teen 3d. stuk.

En hiermee het hulle die bewys gelever dat die kapitalistiese idee 'n illusie binne 'n selfsugtige wêreld is.

AANVAAR SOSIALISME

Die Voedsel-direktoraat het ingegryp. 'n Mark in die middestad, binne bereik van die verbruiker, is opgerig, terwyl die stelsel van mobiele markte omgeskep is van 'n sub-ekonomiese tot 'n ekonomiese onderneming. Die gevolge was heilsaam — so heilsaam dat die publiek nie weer sal toelaat dat daar teruggeval sal word op die ou kapitalistiese stelsel nie. Met ander woorde die publiek van Suid-Afrika is tevrede om 'n verdere en gedugte stap te doen in die rigting van sosialisme.

In die praktyk aanvaar hulle dit omdat dit verlossing bring, maar in teorie, waar politici daaroor redekawel, is dit nog iets uit die bese wat beveg moet word met alle mag. Die Ossewabrandwag wat so 'n stelsel as 'n geheel voorstaan, moet dood, want hy wil 'n „diktatuur” omdat hy van gesag praat. Maar as dr. Van Eck nie die nodige gesag gehad het om 'n mark in die middestad op te eis van die plaaslike bestuur nie, sou soiets ooit kon ontwikkel het uit die ou orde met sy liberalistiese idees?

Van iets wat heilsaam is, kan die partypolitiek inderdaad 'n baie groot paaboelie maak!

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, St. Paul en Wynberg.

Blanke Suid-Afrika Met Geleidelike Segregasie

Die Ossewabrandwag se beleid ten opsigte van die nie-blankes is een van apartheid en die verhinderende van rassevermenging tussen blank en nie-blank. Oor die algemeen is hierdie beleid bekend as dié van segregasie en dit is vir die laaste dertig jaar en meer deur genl. Hertzog voorgestaan. 'n Breër uiteensetting sal wel hier nie nodig wees nie, omdat dit — soos gesê — geen nuwe gesigspunt is nie.

Moontlik kan ons net sekere aspekte beklemtoon.

In die eerste plek kan daar verskeie grade of soorte segregasie wees. By voorbeeld: biologiese of bloedsegregasie; die verbod op gemengde geslagsverkeer, hetsy binne of buite die huwelik. Hierdie vereiste is die minimum wat die O.B. voorstaan.

Verder is daar ander grade of soorte, soos 'n ekonomiese segregasie; 'n voorbeeld hiervan vind ons in die kleurslagboom, wat sekere werk net vir blankes wil uithou. Ook hiervoor staan die O.B. tot tyd en wyl die totale segregasie — d.w.s. die verskuiwing van aparte rasse na aparte landsgebiede — dit vanself oplos.

INGRYPEND

Maar ons staan ook die maksimum-mate van segregasie wat verkry kan word, naamlik die gebiedsegregasie, voor. Dit is egter 'n ingrypende en baie diepsnydende maatregel, wat sowel die blanke as die nie-blanke se ekonomiese lewe radikaal gaan affekteer, en dit kan nie met een slag gebeur nie.

Daarom, weens die verregaande implikasies en die noodsaaklikheid van gestadige ekonomiese en industriële aanpassing van altwee kante af, sê die Ossewabrandwag dat — wat die maksimum-grad betref — hy vir geleidelike segregasie staan.

Die segregasiebeginsel is reeds meer as 250 jaar oud en is lankal by die Afrikaner in toepassing. Ook ons glo daarin omdat dit die regverdige ten opsigte van sowel blankes as nie-blankes is; alleenlik langs hierdie weg kan die Afrikaner en die natiel elk sy eie karakter, nasieskap, kultuur en menslike vryheid uitleef en verder ontwikkel.

AFRIKA VIR DIE AFRIKANER

Ons glo dat die Afrikaner — d.w.s. die blanke wat in Suid-Afrika wortel geskiet het — hier 'n roeping het en dat hy daardie roeping kan nastreef sonder inmenging en diktate van ander oorsese lande.

Die leiding van hierdie land is in die hande van 'n Europese ras gelê en daardie ras het met die bodem saamgesmelt, sodat hy net een trou en net een liefde hier het en dié heet: „Suid-Afrika”. Hy gaan daardie leiding behou en as dit sou betwis word, dan gaan hy seer sekerlik daarvoor veg. Dit maak nie saak of die teenstander wat die leiers wil gryp, uit Europa, Asië of waar ookal kom nie. Ons hoor dikwels die kreet „Asië vir die Asiate” en ons het daar vrede mee. Maar dan moet dieselfde mense wat skreeu „Asië vir die Asiate”, nie maak asof dit beteken ook „Afrika vir die Asiate” nie.

As die blanke Afrikaner 'n innerlike vertwyfeling ontwikkel, wat hom laat sê en handel asof hy nie die reg het om te

lei nie . . . asof hy die leiding nou aan anti-nasionale en anti-blanke elemente, wat hulle op-ruining vanuit Rusland of Asië of waar ook al ontvang, moet toevertrou — as dit so is, dan sê ons net dat die betrokke blankes wat so twyfel, nie in die Ossewabrandwag tuis sal voel nie. En namate die ideale van die Ossewabrandwag grondvat, sal daardie twyfel- laars of van hul twyfel genees raak of hulle sal hêrens in die land meer tuis voel nie.

O.B.-Beleid

Ons glo in die blanke ras se leiereienskappe, ook in Suidelike Afrika, en ons glo verder dat daardie blanke ras wat al sy toekoms en al sy versugtinge vanuit Europa na hierdie land oorgedra het, juis dié blanke ras is wat die mees gevestigde reg het om hier die leiding te gee.

En daardie ras is die Afrikaner.

Maar die Afrikaner sou dwaas wees as hy sy heil in isolément soek, afgeskei van alle krag en frisse bloed wat uit die moederlande kan stroom om sy posisie hier te versterk. Daarom sê ons ook dat ons aansluiting en samewerking soek met die verwante volkere van die Westerse (d.w.s. West-Europese) kultuurkring. Die kring waaruit ons voorouers en ons sedes en geloof gekom het.

Demobilisasie Sukkel Nog

Omdat die demobilisasie van die soldate blykbaar vasgebrand het en nie so glad wil werk soos verwag is nie, het die regering alle demobilisasie-komitees versoek om nog ses tien maande met hul werk aan te gaan. Die vertraging van die demobilisasie is te wyte, na verklaar word, aan die baie probleem-gevalle wat daar bestaan. Baie van die soldate wat aktiewe diens gedoen het, was voor die oorlog in laag-besoldigde betrekkinge. Hulle het gedurende die oorlog baie geld verdien en vind by demobilisasie dat dit vir hulle onmoontlik is om weer laagbesoldigde betrekkinge te aanvaar.

O.B. Hou Woord Op Ladismith

Mev. J. P. de Wit, kommandante van Ladismith, berig:

Op die samesprekings wat tussen lede van die O.B. en lede van die H.N.P. plaasgevind het, was daar alleen sprake van plaaslike saamwerk met funksies. Met die H.N.P.-funksie op 13 Julie het die lede van die O.B. met enkele uitsonderings, pragtig saamgewerk en ons glo dat lede van die H.N.P. hulle woord sal hou en ons ook steun met ons O.B.-funksie waarvan die datum later bekend gemaak sal word.

Hier is 'n sterke drang onder die Afrikaners om saam te werk, en wees die leiding wat daardie drang probeer torpedeer.

Hier is nie die minste gedagte om oor te gee nie. Ons staan rotsvas by die beleid van die Ossewabrandwag.

(Volgens 'n berig in Die Kruithoring het die H.N.P.-funksie „tien keer meer as ooit tevore opgebring.” Soos lesers sal onthou is ooreengekom dat die twee organisasies se lede mekaar wedersyds sal ondersteun op hul onderskeie funksies. — Red.)

Ossewabrandwag - Dag

STELLENBOSCH

— 0 —

STADSAAL
SATERDAG, 3 AUG.

— 0 —

Oggend (10 vm.—2 nm.):

BASAAR — KAFEË —

MIDDAGETE

(Bring mes, vurk en lepel saam)

Formele opening 10 vm. deur Waarn. Genl. Mevr. S. S. Voigt

Aand (7.30 nm.—11 nm.):

VERSEIDENHEIDSPROGRAM — MUSIEK — VOLK-SPELE — KAFEË

— 0 —

ALMAL WELKOM

Fondsag-Funksie

Die O.B.-Kommando's van Malmesbury hou op

Vrydag, 9 Augustus

hul jaarlikse basaar in die Stadsaal te Malmesbury.

Opening om half-elf voormiddag.

Verkoping begin om elfuur voormiddag.

Let wel: Die volgende is 'n paar van die artikels wat te koop sal aangebied word: Boerwors, sossaties, skaapvleis, pluimvee, sult, uitgebraaide vet, ens.

Die aand om ag-uur spreek die A.K.G. 'n vergadering toe in die Stadsaal.

Uit Die Week se Nuus

REVOLUSIE IN BOLIVIA: Tweeduisend persone is tydens 'n opstand teen die regering in Bolivia gedood. Die opstand het geëindig nadat die 37-jarige president, luitenant-kolonel Villarroel, opgehang en verskeie van die opstanders van die kabinet om die lewe gebring is. Die opstand is deur die studente geleid.

NUWE ADMINISTRATEUR: Mnr. J. G. Carinus, L.V. vir Hottentotsholland, is verlede week deur die regering aangestel as Administrateur van Kaapland in die plek van wyle mnr. P. A. Myburgh.

UNRRA GAAN HULP STAAK: Dit is onvermydelik dat die hulp wat Unrra aan die geteisterde land lewer, teen die einde van die jaar gestaak moet word omdat daar geen voorrade meer is nie, het La Guardia, hoof van Unrra, verklaar. Daar is nie genoeg tyd dat wetgewende liggame van die lande wat tot Unrra behoort voorrade tot beskikking kan stel nie. Hy verklaar dat al die lande wat nou van Unrra afhanklik is, ook nog gedurende 1946 van hulpverlening afhanklik sal wees.

VREDESKONFERENSIE: Suid-Afrika het 'n afvaardiging van agt persone op die vredeskonferensie wat gister in Parys begin het. Dit bestaan uit vier hoof-afgevaardigdes, drie plaasvervangers en een raadgewer. Genl. Smuts, wat die hoof van die afvaardiging is, sal die konferensie eers gedurende die derde week van Augustus bywoon. Intussen word hy deur maj. genl. F. Theron vervang. Rusland sal, na berig word, 300 verteenwoordigers op die konferensie hê. Dit sluit in verteenwoordigers, sekretarisse, raadgewers ens.

EIE VLAG VIR MARINE: Die regering het besluit dat die Suid-Afrikaanse vlootmagte voortaan 'n eie vlag sal hê. Dit sal 'n witvlag wees met die Unie-vlag in die boonste hoek teen die maspaal. Die besluit is geldig van 1 September af.

BRODRICK AANGEKLA: Mnr. B. D. Brodrick, voormalige hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse mynwerkersbond, het verlede week in die magistratuurhof in Johannesburg op aanklag van diefstal verskyn. Daar is geen aanduiding gegee waarom die klag gaan nie. Die saak is uitgestel tot 2 Augustus en Brodrick is op £100 borg uitgelaat.

BOUERS WIL STAAK: Bouers en vakmanne het verlede week by wyse van 'n optog na die Unie-gebou, protes aangeteken omdat daar nie voldoende boupermities uitgereik word nie. Hulle moes egter onverrigtersake terugkeer. Tussen 200 en 300 manne van die Rand en Pretoria het aan die optog deelgeneem. Hulle kon geen onderhoud met dr. Gluckman of die boukontroleur kry nie. Hulle het besluit om nog 'n week te wag voordat hulle tot 'n staking oorgaan.

VOETBAL NIE OP SONDAG: Die Transvaalse Rugbyunie het sy besluit van etlike weke gelede dat daar 'n nie-amptelike voetbalwedstryd op Sondag, 4 Augustus, tussen Rhodesië en Transvaal moet plaasvind, herroep. Die wedstryd sal nou op 'n gewone woensdag afgespeel word. Die publiek het 'n groot agitatie op tou gesit teen die voorgenome Sondagsontheiliging, wat die gewenste uitwerking gehad het.

EIERS AS BETAALMIDDEL: Eiers word tans in Hongarye as ruilmiddel gebruik ten gevolge van die geweldige inflasie van die Hongaarse pengó, die gangbare munt van die land. Terwyl die waarde van die pengó daagliks daal, bly die waarde van eiers konstant. Vars eiers het 'n groter koopkrag as eiers wat hard gekook word om hulle eetbaarheid te behou.

WERKLOOSHEID IN BRITTANJE: Volgens die verslag van die Britse minister van arbeid was daar gedurende Mei-maand 800,000 lede van die Britse weermag sonder werk in Brittanje.

Wilgenhoutsdrift

Wilgenhoutsdrift (oor Upington) se kommando's het weereens bymekaar gekom ten einde iets in te samel vir 8 Augustus.

Ná die funksie geopen is met 'n gebed, is die vlag gehys.

Die mans het jukskei gespeel, wat gehelp het om die poedinge en ander tafels vol lekkernye te laat verdwyn.

Kommandant Elias Nel het 'n kort maar nuttige lesing gegee oor eerste-hulp.

Na afloop van die funksie, wat £5-15-6 ingebring het, is die vlag weer gestryk, en met die sing van Die Stem is die kommando's vol moed en besieling uitmekaar. — (Korr.)

MAERMAN BREEK NOODWET

Unie Aanvaar Aanbod Van Witmeel Nou

Kanada het gedurende die afgelope weke witmeel aan die Unie in plaas van koring gelewer. Van die laaste twee skeepsvrage wat ontvang is, het die besending uit 80 persent witmeel bestaan. Die res van die kwota wat grotendeels uit semels bestaan, is nie versend nie as gevolg van gebrek aan skeepsruimte.

Dr. A. W. Bock, bestuurder van die koringraad, het aangekondig dat die grootste persentasie van die besending vir die bak van brood aangewend sal word. Dit beteken dat die standaardbrood bietjie witter as in die verlede sal wees.

Die besendings witmeel het groot ontevredenheid onder die meulenaars veroorsaak. Hulle het 'n afvaardiging na dr. Bock gestuur om protes aan te teken teen die invoer van witmeel omdat hulle van mening is dat dit 'n bedreiging vir die meulenaarsbedryf sou wees. Dr. Bock het hulle egter meegedeel dat hy geen bedreiging vir die meulenaarsbedryf in die invoer van witmeel sien nie.

VERLEDE JAAR

Die huidige invoer van meel herinner aan 'n eienaardige voorval verlede jaar, toe 'n soortgelyke aanbod van Kanada van die hand gewys is.

Weens die tekort aan koring het die Unie verlede jaar by Kanada aansoek gedoen om een miljoen sak koring van daardie land in te voer. Kanada het gedurende April aangebied om meel in die plek van koring te verskaf omdat hulle daardeur sowat een kwart van die skeepsruimte sou bespaar. Die Unie-regering het egter geweier.

Sakke Enigste Moeilikeit Van Indiese Boikot

Die uitvoerhandel van die Unie sal nie getref word deur die verbod wat die Indiese regering op die landing van Suid-Afrikaanse produkte in Indiese hawens geplaas het nie. Suid-Afrika ontvang al meer en meer aansoeke van buitelandse moondhede. In normale jare het die Unie meestal wattelbas, koper, steenkool, asbes en vars vrugte na Indië uitgevoer. Vir hierdie produkte bestaan daar 'n toenemende aantal aansoeke uit die buiteland. Wat die invoer vanuit Indië betref, sal die Unie moeilikheid ondervind met die verkryging van graansakke vir die volgende oes as daar nie ander voorsorg getref word nie. Na amptelik verklaar word, is daar vir die huidige mielie-oes voldoende sakke in voorraad.

Blitsvinnig

Die Meteor III-spuitsvliegtuig van die Suid-Afrikaanse lugmag het verlede week die afstand tussen Bloemfontein en Johannesburg in 35 minute afgelê. Dis die kortste tyd waarin die afstand van 225 myl ooit afgelê is. Die gemiddelde snelheid van die vliegtuig was 420 myl per uur.

Die rit van Kaapstad tot by Beaufort-Wes het 40 minute geduur en die 305 myl tussen Beaufort-Wes en Bloemfontein 51 minute. Die hele afstand van 790 myl tussen Kaapstad en Johannesburg het dus net 2 uur 6 minute geneem.

BAK KOEK

Van Bokwiet kan enige soort gebak gemaak word vir verkoop. Dit val nie onder die wetverbod op koringprodukte nie.

TOT U DIENS...

Geldenhuis Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomne (Gemeng).

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Repark
MOERMARK (Posbus 7185) Newtown

Dameshoede...

VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VER-SKEIDENHEID BY

Steyns

DIE MODEWINKEL
PAROW

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik
weklíks, maandelíks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR
EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

U UNIVERSITEIT TUIS

LYCEUM

PRO SCIENTIA ET SAPIENTIA

DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UTMENNIGHEID — U VOORBEREID VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIEKURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!

Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM

ADRES

Kwalifikasies (Standard Geslaag)

Kursus waarin u belangstel

(Standards VI, VII, VIII, X, N.B.S., Matriek, Wetenskapens, Bantoelatiek, Boekhou, Sekretariatskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoelatie, Taalbond, ens.)

Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg

Hoover Waarsku Teen „Demokrasie“-Masker

Oud-pres. Herbert Hoover het onlangs toe hy 'n jeugklub in New York toegesprek het, die jeug gewaarsku teen die gevaar van kommunisme. Hy het aangedring op goed georganiseerde Amerikaanse organisasies wat as teenvoeter vir die invloed van die Kommunisme kan dien.

Hy het verklaar dat die Kommuniste in Amerika daarop uit is om die Amerikaanse Demokrasie te vernietig en 'n godlose totalitêre staat daar te stel. Hy het 'n aanval gemaak op die beweging wat onder die naam van „American Youth for Democracy“ gaan, en dit beskryf as die opvolgers van die Kommunistiese Jeugbeweging.

RUSSIESE HOUVAS

Volgens die ontwerp-vredesverdrag tussen Finland en Rusland sal laasgenoemde 'n stewige greep op Finland kry. Finland moet nie alleen die provinsie Petsamo aan Rusland afstaan nie, maar Rusland sal ook die reg verkry om van die spoorweë, paaie, see- en lugroetes van Finland gebruik te maak. Die verdrag verklaar dat aangesien Finland oorlog teen Duitsland verklaar het, Finland slegs 'n gedeelte van die verliese hoef te betaal. Volgens berekening sal Finland in die loop van agt jaar sowat £75 miljoen moet betaal.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

• Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK: DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

• DIE O.B. vind sy weg in duisende hulsgeins oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

• Uit klein akkers spruit groot bome . . .

• Uit hierdie klein belagings spruit groot dividende.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huisoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisies:

Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „DIE O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

GEBORTE

VAN DER MERWE. — Ons dank die Here vir 'n welgeskepe dogter op 15 Julie. — D. C. S. en A. A. E. van der Merwe, Gereformeerde Pastorie, Vryburg.

HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapse Afrikaanse Koffiehuus (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groot Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en geweldig op koudste dag. Gerieflike, boflike en doeltreffende diens.

DOODBERIG

MOOLMAN. — Sag heenegaan aan sy woning te Bergstraat, Swellendam, op die 13de Julie, my geliefde Egenoot en ons vader, Johannes Zacharias, in die ouderdom van 86 jaar en 5 maande. — Namens die bedroefde Egenote, Sarah Wilkison Moolman (gebore Dunn) en kinders, Anna, Paul, Pieter, Mienie, Jan, Tossy. 5199

LAMBRECHTS. — Van ons harte geskied, in die vroeë nagtelike ure van 23 Julie, ons heilige-dogtertjie Daphna, in die ouderdom van slegs 2 jaar en 18 dae — na 'n kort, maar smartlike siekte van enkele dae, aan inflammasie wat later tot harsingvries-ontsteking gelei het.

• Die pyn-gedagte; my kind is dood, dit brand soos 'n pyn in my, die mense die weet daar niks nie van nie, maar die Here alleen weet, wat ek ly.

Die treurende ouers, Amos en Wilsa en sustertjies, Betsie en Tolly, Knp-bank, Hopefield.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

G.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENTWERKE (EENS.) BEPERK (Jannie Cliffe, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MAITLAND. Fone 5-4420 en 5-2523 — Posbus 2.

DEELNEMING

Die Kommando, Moortreesburg, wil hiermee hul innige deelname en meegevoel met Mnr. en Mev. Amos Lambrechts van Knp-bank, Hopefield, in hul groot verlies, betuig. Dit het ons pas tot ons Kommando gorgesien. — Namens Kommando, Moortreesburg.

BOME, PLANTE EN SAAD

HERHOLDT se JUBILEUM PERSKE. — Die gevierde „Kersies Elberta“ profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die hulsboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugteboer. ROSE van bekoorlike prag in kleurrike sorteringe. Pryslyste vry. — HERHOLDT se BOOMKEWERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Detroit Beet 9/-; Chantebay Wortels 12/-; Suiderkrans Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/-; Tom Watson en Wonder Waaitemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies; Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-; Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/- — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waaitemoen 4/-, 6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-; Vroeg Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde klierse werksaam en verwyder oorsake en akte. — Besonderde: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7297/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heuplig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

BLY JONK. — GRYSHAARWONDER. Die nuutste wereldwonder teen grysheid waarborg herstel van grysbare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

GEMENG

DRAAL-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUIS SE INGENIEURSWERKE. Wynestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR. — D. S. du Toit, Armoel, Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie. — Algemene Handelaar: Luserasaad, lusernhooi, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

OOSTELIKE WINKELS. — Besoek ons by die nuwe perseel, H/v Adderley en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

TRANSPORTDIENS. — Indien u moet verhuis, raadpleeg ons vir die vervoer van u meubels. Ons doen alle soorte karrewerk en staan bekend vir flinke transportdiens. Foon 989501. J. A. MARAIS, Alexandraweg 115, Parow.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terasie Kombuis- en Handwaabakke, Baddens, Septiese Tenks, Pylare, Vloerteëls, Voertroe, Eniglets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

PLUIMVEE

PIJK KUKENS. — Australorps, Leghorns en kruis teen 16 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelhede, onmiddellike aflewering. Broekplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

MISSTOWWE

KAROO-KRAALMIS. — Gemaak met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, as nie minder as 10 ton geëem word nie. K.M.B. gelewer Middleton-stasie. — T. C. NEL, Golden Valley. 5177-6

RU SUIWER KAROO-KRAALMIS 14/- per ton. Kontant. V.O.S. Middleton. — T. C. NEL, Golden Valley. 5188/6

Grootvee KRAALMIS teen 14/- per ton. Bok- en Skaapmis 11/6 per ton. V.O.S. Blue Cliff-stasie in trokvrage van nie minder as 18 ton. K.M.B. — Y. VERNON, Blue Cliff-stasie, K.P. 24/7/2

KAROO KRAALMIS MEEL: Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen 11/17/6 per ton, of 11/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen 12 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

MEUBELS

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteits-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1366, PRETORIA.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Klaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAKEE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprijs. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie“ Tel. 136.

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK. en wees verneder van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheids: Jan Philippes-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

TE KOOP

BOTTELSKEIE teen 3/9; vierkantige koppe teen 1/6; draaghouite 5/- een; mullawingels 5/6 een trek; donkie-swingels 5/-. Geen K.B.A. KOOS BOTHA, p/s. Serpentine, GEORGE. 5184-4

BULLE: Melkras Afrikanerbulle, 2½ jaar oud. Geregistreer en gebrand, suiver geteel vir 70 jaar. Geteel in die herke. Bekwaam. £25 tot £50. A. L. BEKKER, Klipheuwels, STEYNBURG. 17/7/4/B

PATATRANKSTEGGIES: Tevredenheid gewaarborg. Goeie gehalte. 10/6 per duisend (1000), 6 maande, wit driemaande en borrie. Bestellings van minder as 2000 word nie aangeneem nie. K.M.B. S. P. GERBER, Posmak Serpentine, Dist. GEORGE. 5568

BOEREJEUG BIED TUISTE VIR AFRIKANERKIND

„Wees net baie sterk en vol moed om nougeset te handel volgens die wet wat jou beveel is. Wyk daar nie regs of links van af nie sodat jy met goeie gevolg kan handel orals waar jy mag gaan“, was die boodskap van die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, aan die dertig nuwe lede van die Skiereilandse Boerejeug wat met 'n ferm „Ek sal“ in teenwoordigheid van hul kamerade op 'n inlywingsplegtigheid 'n belofte van trou teenoor die Christelik-nasionale sedes en tradisies van die Afrikanervolk afgelê het.

Die inlywingsplegtigheid wat waargeneem is deur die Adjunk-K.G., het op 20 Julie onder blyke van groot belangstelling in die Ebenhaezersaal, Maitland, onder voorsitterskap van komdt. S. J. Kamffer, plaasgevind.

Komdt. Kamffer het gewag gemaak van die feit dat die gedagte aan die stigting van 'n Boerejeug by die Adjunk-K.G. ontstaan het. Die Boerejeug het reeds onder die leiding van hul bekwame offisiere getoon dat hulle hul plek volstaan en

dat hulle die waardige lede van die O.B. en die volk van die toekoms sal wees.

„'n Volk moet georganiseerd wees om voort te kan bestaan en daarom is daar 'n sekere vorm van organisasie nodig“, het genl. Smith met verwysing na die kommando-organisasie van die Ossewabrandwag gesê. Hierdie vorm van organisasie bestaan sedert die vroegste geskiedenis. Ons lees in die Bybel van owerstes oor honderd en owerstes oor duisend. Elke afdeling van die volk het verskillende opsigters gehad wat verantwoordelik was vir die welvaart van die volk. Die O.B. maak gebruik van die kommandostelsel wat eie is aan die geskiedenis van ons volk.

OOREENKOMS

Daar bestaan 'n treffende ooreenkoms tussen die opdrag wat ons in die Bybelboek Josua lees en die taak van die Boerejeug, het genl. Smith gesê. Die volk is opgeroep tot 'n bepaalde aksie om hulle roeping te vervul. By die optrek na die beloofde land ontvang die volk 'n besielende boodskap: „Wees net baie sterk en vol moed om nougeset te handel volgens die hele wet . . . Wyk daar nie regs of links van af nie.“ Josua het die volk beveel en aan hulle gesê: „Maak vir julle padkos klaar . . . al die dapper helde moet gewapend voor julle broers uittrek en hulle help.“ Op hierdie bevel het die volk geantwoord: „Alles wat u ons beveel het, sal ons doen.“

„Hierdie boodskap aan die volk wat uittrek om hulle land in besit te neem, is die blywende boodskap vir die Boerejeug. Doen net elke dag julle plig en wees getrou. Julle mag nie afwyk van jul taak en roeping nie. Die Afrikanervolk is aangewys om te stry. Ons stry in 'n besondere koers om nie as volk onder te gaan nie. Strew om 'n goeie Afrikaner te wees. Leef die deug „Ek is my broer se hoeder“ uit. Versaak nooit julle plig nie,“ het genl. Smith gesê.

GROOT TREK

Gedurende die Groot Trek was die kinders aan die voorpunt van die stryd. Dit is hulle wat die touleiers was en die gevaarlike pad moes baan. Die Boerejeug en die O.B. moet leiding gee te midde van die geharwar waar sommige mense meen dat die volk altyd in onderlinge beroering moet wees. Die Ossewabrandwag rig en snoer die volk saam tot eensgesinde en gedissiplineerde optrede.

„Bly altyd getrou aan die ideale van die Boerejeug. U kry nou die hevel en ook die padkos om met die trek voort te gaan en die land van belofte in besit te neem“, het genl. Smith gesê.

Die Boerejeug bied aan die Afrikanerkind wat geen ander organisasie kan bied nie; HIER hoef nooit gevrees te word dat daar aan iemand aanstoot gegee sal word nie. In die skole is dit heel anders. Daar moet gewaak word om die gevoel van die kind van die Kommunis nie seer te maak nie. Dit ge-

beur alte dikwels in die skool dat die kinders gedensionaliseer word omdat ons skoolstelsel iets is wat ingevoer is en nie uit die boesem van die volk voortgekom het nie.

Na afloop van die plegtigheid het asst.-hfkmdt. A. Cloete die aanstellingstifikate aan die offisiere van die Boerejeug oorhandig.

Die blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel het verskeie musiek-items gelewer. Die gehoor was aangenaam verras deur die puik verskeidenheidsprogram wat deur die Boerejeug na die plegtigheid gelewer is, waarvoor die offisiere en lede van die Boerejeug alle lof verdien.

Verjaardag-Ketting

Onthou dat:

Slegs persone van 16 jaar en jonger as lede van die ketting toegelaat sal word.

Volle name, adres en geboortedatum aangestuur moet word. Enige adresverandering dadelik aangemeld moet word.

Die fooi van drie-pennies vir drukkoste en posgeld elke jaar voor die verjaardag betaal moet word, anders vervel die lidmaatskap.

Inskrywings aangeneem sal word slegs as dit deur die Jeugveldkornet aangestuur word.

Alle inskrywings aan Boerejeughoofkwartier gerig moet word.

17 JULIE. Theunis Kotze, Wilgenhoutsdrieff; Theuna Kotze, Wilgenhoutsdrieff; Philippe de Wit, Tarkastad; Ghodina Myburgh, Aughrabies; Gernard Bredekamp, Ceres; Huijbrecht van Zyl, Springbok; Albertus van den Heever, Aughrabies; Willem Fourie, Stutterheim; Freda Niehaus, Wellington; Gezina van Straten, Rustenburg; Philippus Nel, Koodooskop.

18 JULIE. Thoma Theron, Sutherland; Johannes Bouwer, Beaufort-West; Beulah Muller, Kirkwood; Johanna Scheun, Rietbron; Andries Duvenhage, van Zylstrust; Doreen de Wet, Tervet; Pauline van Niekirk, Durbanville; Jan Hofmeyer, Kaik-bank.

19 JULIE. Marie Barnard, Malmesbury; Frieda Niehaus, Wellington; Albert Smit, Carnarvon; Elizabeth Sutherland, Wilgenhoutsdrieff; Levina Kruger, Bethlehem; Adriana Scholtz, Melville, Jhb.; Cornelia Henning, Koster.

20 JULIE. Samuel Blom, Sutherland; Ryk Joubert, Viotenberg; Catharina van Meulen, Aughrabies; Deon du Plessis, Kaapstad; Theodor Gorter, Rondebosch; Ilermas Genis, Springbok; Anita Louw, Stellenbosch; Judith de Winaar, Frankfort; Piet du Plessis, Dwaalboom.

21 JULIE. Helena Gerber, George; Mavis Baard, Stellenbosch; Andre Jordaan, Groot-Brakrivier; Cornelius Kock, Strand; Hendrik van den Berg, Fouriesburg; Magdalena Nel, Doornboom; Elizabeth Maian, Koster; Susanna Venter, Schuimsdrieff; Daniel du Plessis, Ranshoop; Maria Roets, Koster; Barand Weigemoed, Silent Valley; Maria Eloff, Matrooster.

22 JULIE. Albertus Pieters, Albertina; Pietie van der Westhuizen, Kimberley; Gerrie Louw, Marchand; Hendrina van Heerden, Vryburg; Willie Grové, Vryburg; Schaik van Niekirk, Ficksburg; Casparus du Plessis, Marquard; Frederik Coetzee, Dendron; Anna Dreyer, Suent Valley.

23 JULIE. Maggie Klue, George; Nikolaas van Kensburg, Beaufort-West; Charles Kohler, Port Elizabeth; Anna Hanekom, Moortreesburg; Jan Nel, Aughrabies; Nikolaas de Waal, Stellenbosch; Gesina Agenbag, Marchand; Johanna van Rooijen, Aughrabies; Johannes Venter, Potadam.

24 JULIE. Andre van der Spuy, Paarl; Maria van Rensburg, Kirkwood; Francois van der Merwe, Montagu; Juliana Barnard, Groot-Brakrivier; Willem Steenkamp, Wilgenhoutsdrieff; Theunis Venter, Pietersburg; Rudolph du Plessis, Koodooskop; Willem du . . . Dwaalboom.

TER DOOD VEROORDEEL: Drie natuurle, Charles Mosha-we, Fanyane Molambo en Phielimon Modietia is verlede week in Bloemfontein ter dood veroordeel nadat hulle skuldig bevind is aan moord op mnr. en mev. J. M. Naude van Bloemfontein. Die moord het op 18 Junie plaasgevind. Al drie die natuurle het skuld beken.

Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 31 Julie 1946.

8 Augustus Kom

(Deur die Jeugleier)

Op 8 Aug. 1938 het die simboliese Ossewatrek te Kaapstad 'n aanvang geneem. Wie kon destyds dink dat die sweepgeklap en die wielgeknars so'n magtige weerklank dwarsdeur ons land sou vind?

Hoe verder die waens getrek het, hoe groter was die belangstelling en die geesdrif. Die menigtes het toegestroom, almal wou deelneem aan die feestelike ontvangste wat oral gereël is. Vir die Afrikaner, man, vrou en kind was dit 'n tyd van feesvreugde en sielsverheffing. Hoe aangenaam was dit toe nie om Afrikaner te wees nie! Ons het as 't ware die honderd jaar vanaf die Groot Trek weer deurgemaak, die leed gesmaak, die gevare getrotseer, die oorwinningvreugde weer beleef. Saam met die waens het ons Slagtersnek besoek, hulde gebring aan die voet van die Vrouemonument op Bloemfontein, by Weenen en Bloedrivier vertoef en eindelik die triomfantelike aankoms by Monumentkoppie, Pretoria, meegemaak. Daardie tydjie van 8 Aug. tot 16 Des. 1933 is vir die Boerevolk van weergalose betekenis gewees. Ja, toe was dit lekker om Boer te wees. Geen wonder dat baie toe Boer wou wees wat dit nooit was en nooit sal wees nie. Hulle wou met alle geweld ook met die wa saamry, maar hulle het lankal weer afgespring of afgeval.

IETS BLYWENDS

Eersdaags is dit weer 8 Augustus. Dit stel ons voor die vraag of die Eeufeesjaar vir ons volk iets blywends opgelewer het. Die Jeug veral het belang by hierdie vraag en die antwoord wat ons daarop kan gee. Daardie hoogtepunt van ons volksgeskiedenis lê alweer agt jaar in die verlede en die kinders van daardie dae is die jongmense van vandag. Hulle het ten minste die herinnering aan selfmeegemaakte feestelikhede om op te teer, en hulle het die vormingswaarde van hulle ervaringe gedurende daardie tyd gesmaak. Maar wat van ons kinders van vandag? Het 8 Aug. 1938 en die dae en dinge wat daarop gevolg het vir hulle enigiets van blywende waarde gebring? Is daar enige skakel wat hulle daarmee verbind?

VOORTGESIT

Gelukkig kan ons op hierdie vraag „ja” antwoord. Toe die waens gaan staan het, is hulle beweging deur die volk opgevang en voortgesit; die sweep het nie tevergeefs geklap en die wiele nie verniet gedraai nie, hulle het die volk self in beweging gesit; daar het ontstaan 'n Volksbeweging, die Ossewabrandwag, wat die boodskap van die waens lewendig hou en verder dra. Wat is daardie boodskap? Dit is: weg van die vreemde, weg van partyskappe, op weg na volkseenheid, volksvryheid en volksbestemming; op die pad van Suid-Afrika, onder die genadige leiding van ons opperste Leidsman, die God van ons vaders, in vervulling van ons roeping. Dwarsdeur die ver-

warring van die Wêreldoorlog het die O.B. die vaandel van die Afrikanerdom hoog gehou en die fakkel laat brand, ten spyte van hoon en vervolging. Dit was vir die O.B. 'n voorreg om sy broers in verdrukking te versorg, om sy land en sy volk op alle moontlike maniere te dien, ja om selfs daardie mede-Afrikaners wat hom verrai en verloën het nie die rug toe te keer nie maar ook hulpe waar moontlik van diens te wees.

VOLKSWA

Die Voortrekkerwaens van 1838 was klein en tenger, tog het hulle 'n hele volk van onder die juk van vreemde oorheersing uitgelei en na 'n eie bestemming vervoer. Die waens van 1938 was klein en min in getal, tog het hulle die Afrikanervolk weer opgelai en saamgeneem, hulle bymekaar gebring. So is ons Volksbeweging nou die volkswa wat al wat Afrikaner is en wil wees, bymekaarbring en bymekaarhou. Wat volksvreemd is, moet 'en sal afval. Al gaan dit soms knarsend en knersend, ons volkswa gaan verder, want die jeug lei tou en die jeug het die sweep in die hand. Vir ons Boere-seuns en Boeredogters is daar geen terugkeer na volks-

verdeeltheid en partygetwis nie. Hulle besit slegs een leuse: klim op as jy Afrikaner is en ry saam; gee pad voor as jy Boer se kind in die weg staan of ons ry jou om!

WEKROEP

Geen wa kan egter goed aan die gang bly as hy nie van tyd tot tyd deeglik nagesien en gesmeer word nie. Aan ghries en olie mag dit nie ontbreek nie, anders brand ons vas. Daarom kom 8 Augustus met die wekroep dat ons ons bydraes sal bring en ons geldelike offers sal stort om ons volksbeweging in stand te hou en te sterk. Soos in die verlede sal die Boerejeug ook hierdie keer sy deel bydra.

Tikster Benodig Vir Boerejeug

Die aandaag van Boerejeug-offisiere word verwys na 'n advertensie in 'n vorige uitgawe van Die O.B. waarin aansoek gevra is vir 'n dame as tikster/kantoor-assistent op Boerejeughoofkwartier. Dit sal van die persoon verwag word om by tye volle verantwoordelikheid van die kantoor te aanvaar. Kennis of ondervinding van Boerejeugwerk sal 'n sterk aanbeveling wees. Applikante moet saam met hulle aansoek 'n bekendstellingsbrief van 'n Hoofkommandant of Generaal verstrek en hulle ouderdom, kodenummer en salaris wat verlang word, meld. Aansoek moet gerig word aan die Jeugleier, Meyergebou 9, Potchefstroom.

Ons is Kamerade.



Ons is Kamerade in die Boerejeug!
Ons is Kamerade in verdriet en vreug.
So sal ons altyd saam marsjeer,
In hierdie stryd sal niks ons keer
Op mars, die Boerejeug! (Twee keer).

Ons is Kamerade in die Boerejeug!
Ons is Kamerade in verdriet en vreug.
'n Helderdom wat ons wil eer,
In tronke het ons volk geleer.
Op mars, die Boerejeug! (Twee keer).

Ons is Kamerade in die Boerejeug!
Ons is Kamerade in verdriet en vreug.
'n Nuwe lewe wil ons voer,
Die eenvoud van die stoere Boer.
Op mars, die Boerejeug! (Twee keer).

Ons is Kamerade in die Boerejeug!
Ons is Kamerade in verdriet en vreug.
Op die trekkpad wil ons gaan,
Die K.G. het ons hart verstaan.
Op mars, die Boerejeug! (Twee keer).

Amptelike Kennisgewings

(Deur die Jeugleier)

Vir algemene inligting word die volgende laertrekke wat vir alle lede van die Boerejeug bo 13 jaar, gedurende 1946 gehou sal word, weer bekendgemaak:

GEBIED A: Franschhoek — 14 tot 21 Desember 1946.

GEBIED B: Boesmansriviermond — 14 tot 21 Des. 1946.

GEBIED C: Fouriesburgstasie — 28 Sept. tot 3 Okt. 1946.

GEBIED D, E en F: Mooi-nooi, Brits-distrik, 5 tot 14 Oktober 1946.

Offisiere word weer versoek om nou reeds met die oog op hierdie laertrekke in hulle afdelings te begin organiseer. Bevele met besonderhede sal eersdaags uitgereik word.

DINKSPOORSNY

Om 'n spoor te volg wat met die voorafgaande tekens gelê is, kry 'n mens nogal maklik reg, maar dinksporsny is 'n perd van 'n ander kleur. So'n spoor wat uit „dink-tekens” bestaan, beoefen nie alleen opmerksaamheid, waarnemings- en dinkvermoë nie, maar verskaf oneindig baie pret.

Kom ons volg so'n spoor.

Die eerste teken is 'n pyp en vuurhoutjies. Ons merk dadelik op dat ons tabak nodig het om te rook. Ons sal so'n bietjie dink — en stry ook — tot iemand skielik die blink gedagte kry om na die tabakland daar naby te gaan. Daar kry ons ook die volgende teken, 'n hupie dennebolle, dus na die naaste dennebos. Daar gekom, vind ons 'n baai broek en peil dus op die swemplek af waar die tekenleërs 'n hupie tentpenne en 'n hamer neergesit het. Hieruit lei ons af dat ons 'n tent moet soek — by die laer is 'n tent, dus laer-toe. En so eindig die spoor.

Dit sal ongeveer 1 uur neem as die afstand ongeveer 'n halfmyl lank is. Alles moet uitgeredeneer word, dus moet genoeg tyd gegee word.

GEHEIM

Die geheim van hierdie soort sporsny is dat die tekens so gelê moet word dat die sporsnyers nie tot twee gevolgtrekkings kan kom nie. Hulle moenie doen wat die voorwerp aandui nie, maar of die iets soek wat kortkom of na die plek gaan waar die voorwerp te vinde is of gebruik word. Die baai-klere is dus nie 'n aanduiding om te gaan swem nie, maar om na die plek waar dit gebruik word, te gaan.

'n Ander manier om oplettingsvermoë te toets, is om b.v. 'n akker aan 'n denneboom vas te maak of 'n roos aan 'n asterplant. Dis verbasend hoeveel mense julle so sal flous! Die hele spoor kan uit sulke tekens bestaan.

BRIEFIES

Skryf briefies met dubbelsinnige betekenisse: „Nie vir die hondjie nie, maar vir die halsbandjie”.

Dit kan beteken dat hulle die skrywer se hondjie moet soek en aan sy halsbandjie sal die volgende brief wees. ... of hulle moet na 'n sekere plek gaan „nie vir die hondjie nie, maar vir die halsbandjie”.

Veronderstel die halsbandjie is die Veldkornette se horlosie wat sy in die Vriendskapskamer met die volgende boodskap neergesit het: „Julle het nou wel die halsbandjie, maar die betekenis niks sonder die hondjie nie” — nou moet hulle haar soek.

Ander berigte vir die Boerejeug verskyn op bladsy ses.

Brief Nr. 2

Boerejeug.

In my eerste brief aan julle het ek daarop gewys dat elk van ons 'n plig teenoor homself het. Elk het gawes en talentte ontvang wat hy so goed moontlik moet ontwikkel. Daarom moet ons dankbaar wees vir goeie onderwys en opvoeding in ons jeug. Dis 'n voorreg om langs daardie weg in volle besit en gebruik van al ons kragte te geraak. Ouers wat aan hulle kinders 'n goeie erfenis nalaat, het seker aanspraak op hulle dankbaarheid en mag hoop dat hulle kroos daardie stoflike goedere verstandig sal aanwend. Maar hoeveel groter dankbaarheid is kinders nie aan God en aan hulle ouers verskuldig nie as hulle die voorreg geniet het van 'n gesonde, Christelike opvoeding wat nie alleen hulle liggaamskragte nie, maar ook hulle verstand en veral hulle karakter so goed en volledig moontlik ontwikkel het. Sulke kinders het die mooiste erfenis en toerusting vir die lewe ontvang wat 'n mens kan te beurt val. Daarom is dit hulle dure plig om dit hoog te skat. Iemand wat homself op die regte manier liefhet, sal nie in onverskilligheid of roekeloosheid vervall nie; hy sal nooit die hand aan eie lewe slaan of hom onnodig aan gevaar blootstel nie. Hy weet dat hy sy liggaam, en veral sy siel, nie gering mag skat nie.


Elke seun hou van 'n mooi stuk gereedskap. Wie het nie al 'n mooi blink hamer of skaaf in 'n winkelveenster bewonder nie? As 'n mens so'n goed afgewerkte werktuig sien, dan jeuk jou hande om daarmee te werk. Solank die gereedskap egter daar in die venster bly lê, is dit van geen waarde nie. Dit word eers waardevol wanneer die bedrewe vakman dit hanteer. Nou ja, so gaan dit ook met ons. Wat help dit as ons 'n goeie opvoeding geniet het en volleerd is as ons niemand ooit van diens gaan wees nie? Moet ons maar ons hele lewe in 'n winkelveenster lê en blink? Dit tog seker nie, net so min as dit die einddoel van daardie mooi stukkie gereedskap is. „Rus roes” sê die spreekwoord.

Ons is nie alleen op die wêreld en het dus nie net teenoor onself 'n plig nie. Baie duidelik klink die gebod: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”. En as ons dan saam met die wetgeleerde van Lukas 10 vra: „En wie is my naaste?” ... word ook aan ons die gelykenis van die barmhartige Samaritaan voorgehou en sê Jesus ook vir ons: „Gaan en doen jy net so”.

Vir hierdie keer genoeg.
DIE JEUGLEIER.

LEWENSKOSTE STYG: Die indekssyfers toon dat die lewenskoste in die Unie nog steeds aan die styg is. Gedurende Junie-maand was die lewenskoste .5 persent meer as gedurende Mei.

BEGIN VAN „VREDE”



Die vredeskonferensie het Maandag in Parys begin. Dit is egter maar 'n heel-bepaalde vredeskonferensie, aangesien oit Duitsland en Japan glad nie raak nie. Dit gaan net om Italië, Finland, Roemenië, Hongarye en Bulgarye. Op bostaande foto is soldate besig om 'n betoging teen die voorlopige vredesvoorwaardes, soos ooreengekom deur die Vier Grotes, in Italië op te breek.

Engelse Pers Verwerp Sons Of S. Africa

STIGTER SE RAAK ANTWOORD

Dit was besonder opvallend met watter mate van antipatie die stigting van die Sons of South Africa, 'n beweging wat streef om 'n beter verstandhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekendes op 'n suiwer Suid-Afrikaanse grondslag te bewerkstellig, deur 'n deel van die Engelse pers ontvang is. Ongevraagde en onverdiende aanvalle en beswadering het van alle kante ingestroom sodat die stigter van die bond sy verbasing in die pers moes uitspreek daaroor.

Die Sons of South Africa is 'n stigting van mnr. S. E. D. Brown. Die gedagte van nouer samewerking tussen die twee volksgroepe het by hom ontstaan toe hy nog op aktiewe diens in Oos-Afrika en Egipte was. Hy was 'n offisier in die leër. Na gelang die gedagtes by hom gegroei en vorm aange- neem het, het hy dit op skrif gestel en aan sommige van sy vriende voorgelê. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die bond in Johannesburg.

KRITIEK

Nadat die brosjure waarin die Sons of South Africa se strewes uiteengesit is, meer in omloop geraak het, het kritiek ook toegeneem. Dit het die bond egter nie afgeskrik nie. Op een van die vergaderings het adv. Robin Stratford, L.V., wat op die hoofbestuur dien, verklaar dat hy hom nie bekommer oor die persveldtog nie. Die mense sal na verloop van tyd die doel en strewes van die Bond begryp.

Arthur Barlow's Weekly beskou die beweging slegs as 'n nuwe politieke party en verklaar dat daar reeds genoeg groepe in die land bestaan. „Die hele ding lyk na 'n minderwaardigheidskompleks by die ses lede van die volksraad en van die veteraan Tom Naudé, die H.N.P. L.V. vir Pietersburg, wat net vir die grap aangesluit het”.

„Die beste wat met die Sons of South Africa kan gebeur, is om dit sonder blomme te begrawe”, aldus die blad.

JINGO

'n Ander aanval het gekom van die jingoïstiese blad, Union Review, wat kla omdat die Sons of South Africa strewes na Afrikaanse nasionalisme en omdat dit opsetlik nie van Groot Brittanje en die ander dominiums of die Britse Gemenebes melding maak nie. Die blad sien ook 'n waardering by die bond vir die republikeinse staatsvorm, aangesien daar verklaar word dat die Britse konneksie op konstitusionele wyse verbreek kan word. Die blad hou ook glad nie van die wyse waarop die bond hom teen die jingoïsme in Suid-Afrika uitspreek nie.

Voortgaande verklaar hy dat die Sons of South Africa probeer om privaat onderneming in die rug te steek. Die taal van die bond klink vir hom na die taal van die „Nasionaliste” en hy meen dat adv. Stratford hom in slegte geselskap bevind.

„NAZI”

Die politieke stellings beskou hy as 'n sameflansing van nasionaal en sosialistiese gedagtes wat uit die mode geraak het. „Ek bestempel dit as Neo-Nazisme”. Die gedagtes in die brosjure, verklaar die blad, kon sowel uit die propaganda van die Nasionaal-sosialistiese Duitse Arbeidersparty oorgeneem gewees het. Die lede van die bond word beskryf as gekke op 'n politieke terrein waarvan hulle niks weet nie en hulle is vinnig op pad na Nazisme, aldus die blad.

Nadat die Cape Times 'n onderhoud met die stigter, mnr. Brown, gepubliseer het, het laasgenoemde hom genoodsaak gevoel om 'n brief aan die blad te rig waarin hy verklaar dat daar niks geheimsinnigs in verband met die organisasie bestaan soos die artikel blykbaar suggereer nie.

BESPOTTING

In sy brief betreur mnr. Brown dit dat daar nog geen enkele opbouende woord ten opsigte van die beweging in die Engelse pers gesê is nie. „Ons glo eerlik dat niks soveel tot daardie groot voorwaartse stap in die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika sal bydra as die geboorte van 'n ware Suid-Afrikaanse gees nie. En andersom, dat niks dit so terug sal hou as die voortsetting van die ou geskille nie,” aldus mnr. Brown, wat raak daaraan toevoeg:

„'n Eienaardige gevolgtrekking is dat sommige van diegene wat ons die hardste verwerp, in eenvoudige taal aan ons sê dat dit vir 'n Engels-sprekende Suid-Afrikaner nie heeltemal die regte ding is om 'n goeie, opregte en volledige Suid-Afrikaner in Suid-Afrika te wees nie. (Vervolg in volgende kol.)

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bepert Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepert, Groote Kerkgebou 703, Herengracht, Kaapstad.

Agitators Uitgesluit: Geweld Neem Af

Sedert die stadsraad van Pretoria 'n regulasie uitgevaardig het waarvolgens politieke agente nie in die natuurlike-lukasies toegelaat word nie, het die opstootjies en onluste wat gedurende die afgelope tyd plaasgevind het, nie meer voorgekom nie.

Gedurende die afgelope maande was daar veral onluste by die vervoerdienste van die natuurlike. Politieke opstokers was hiervoor verantwoordelik.

Die sekretaris van die Kommunistiese Party, Moses Kotane, het in 'n brief aan die stadsraad beswaar aange- teken teen die verbod op agitators in Lukasies.

Hy beskryf die stap as 'n klad op die naam van die demokrasie. Hy beweer verder dat hierdie besluit van die stadsraad die Lukasies in „konsentrasiekampe” verander.

(Vervolg in vorige kol.)

„Hy is inderdaad 'n ellendige siel wat nie die land waarin hy gebore is, die liefste het nie. Maar om bespot en beledig te word wanneer jy probeer om 'n Suid-Afrikaner in Suid-Afrika te wees, wel... dit is die soort onsin wat nie in Suid-Afrika mag voortbestaan nie, en bewys net die noodsaaklikheid en tydigheid van 'n beweging soos die S.S.A.”


„UITERSTE KOMMUNISTE”

Volgens 'n berig van United Press is Pole vandag in twee sterk groepe verdeel sonder 'n middelgroep. Die een is die uiterste kommuniste onder leiding van Jode wat 'n meerderheid in die regering verlang, en die ander staan reg teenoor hulle.

Net soos in alle ander lande, met inbegrip van Suid-Afrika, is dit dus die Jode wat kommunisme op die gevestigde volk wil afdwing. Waarom?

NASIONALE HUISE TE DUUR

Die hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse legioen van die British Empire Service League het op sy jongste jaarvergadering besluit om aan sy takke op te dra om oud-soldate te versoek om nie die nasionale huise in hul huidige toestand te koop nie. Die organisasie meen dat die koste van die huise te hoog is in vergelyking met die huise wat deur privaatonderneming opgerig word, en dat soldate wat deur die maklike terme van die behuising-kommissie aangemoedig word om van die huise te koop, uiteindelik 'n kapitaalverlies sal ly.



● Hierdie tekening verskyn op die omslag van die tweede uitgawe in die Pro Ecclesia-Biblioteek: „SKOORSOEK,” deur Danie Stegman, wat in September sal verskyn.

VRA OM BESONDERHEDE

● NUWE ROMANS

K. v. d. Heever: Wat Baat Dit Die Mens?	8/6
R. Hendriks: Ek is Antoinette Duke	8/6
T. du Toit: Die Bolander	9/3
A. Coetzee: Aan die End van die Soom	9/-
J. R. L. van Bruggen: Erfgename	8/6
Gert Fourie: Die Prys van 'n Belofte	8/-
M. S. van Rooyen: Hande wat Geneees	8/6
J. I. Brits: Glans van die Reënboog	7/3
J. H. Naude: Carnio Cato	9/6

Posvry

● NOU GEREED

'n Lys van Romans wat gedurende die laaste paar jaar verskyn het sal op aanvraag gestuur word.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29

STELLENBOSCH